No. 89/63(K)

OPENINGSREDE DEUR SY EDELE J. DE KLERK MINISTER VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP BY GELEENTHEID VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE NASIONALE ADVISERENDE ONDERWYSRAAD OP 29 MAART 1963 TE PRETORIA

Vir Vrystelling: 1 n.m. op 29/3/63

OPENING OF THE FIRST MEETING OF THE NATIONAL ADVISORY EDUCATION COUNCIL ON MARCH 29, 1963 IN PRETORIA BY THE HON. J. DE KLERK, MINISTER OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS REFERENCE LIBRARY

For release: 1 p.m. on 29/3/63

Meneer die Voorsitter en lede van die Raad, dames en here,

Ons beleef vandag 'n gebeurtenis wat nog by die geskiedskrywing van ons onderwys as een van dié mylpale bekend sal staan. Dat dit juis my beskore moes wees om die Wet tot stigting van die Nasionale Adviserende Onderwysraad deur die parlement te loods en om by hierdie geleentheid die woord te mag voer, ag ek 'n besondere eer en voorreg.

Dit is dan ook met vreugde in my hart dat ek u prof. Rautenbach as Voorsitter, die Onder-Voorsitters, elke individuele lid van die Raad en alle ander belangstellendes hier aanwesig by hierdie eerste vergadering van ons Nasionale Adviserende Onderwysraad welkom heet. Dat ek dit innig waardeer dat u, mnr. die Voorsitter, en u medelede, ten spyte van die felle kritiek en van die opofferings wat sovele van u u moet getroos, aanstelling in die Raad aanvaar het, behoef geen betoog. Daarmee het u onomwonde te kenne gegee wat u feil het om die belange van die onderwys en opvoeding van die jeug van ons Republiek te dien. Dit stem my en na my oortuiging die volk van Suid-Afrika tot dankbaarheid dat so 'n garde van befaamde opvoedkundiges bereid is om die moeilike en omvangryke taak te aanvaar om 'n verantwoorde en aanvaarbare onderwysstelsel vir die blanke bevolkingsdeel van ons land te beplan. Wees verseker van my volle vertroue in u!

My verwysing so-ewe na die Raad as „ons Nasionale Adviserende Onderwysraad" was opsetlik. Na my beskeie mening sal dit grotendeels daartoe bydra om u moeilike taak te vergemaklik indien al die betrokke owerhede en die publiek in die algemeen gesamentlik die Raad met die agting en welwillendheid wil bejeën wat verskuldig is aan 'n gemeenskaplike kleinood. Ons moet almal tesame die Raad as ons eie aanvaar. Slegs langs dié weg kan die gesindheid geskep word wat so noodsaaklik is vir die vrugbare arbeid van so 'n allerbelangrikste liggaam.

Dit sou onvanpas wees om by hierdie geleentheid weereens 'n wydlopige relaas te gee van die beskouings van al die kommissies en ander instansies wat 'n nasionale onderwysraad bepleit het, daar dit die afgelope jare al ad nauseam gedoen is. Vir die goeie orde van sake ag ek dit tog dienstig om slegs sydelings daarna te verwys en om u nie te verveel nie gaan ek dit staccatogewyse doen.

Reeds in 1859 vra Rose-Innes en in 1861 Langham Dale om 'n onderwysraad om hulle by te staan. As gevolg van 'n konferensie wat in 1910 plaasgevind het, is in 1912 'n Nasionale Adviserende Raad vir Tegniese Onderwys in die lewe geroep met die oog op meer toereikende voorsiening vir tegniese onderwys op 'n nasionale grondslag. Die bestaan van hierdie Raad was maar kortstondig.

Die Jaggerkommissie van 1916 het die algehele afskaffing van die provinsiale stelsel van onderwys aanbeveel omdat onder andere die onderwysstelsels van die vier provinsies in plaas van om .... „verenigd te worden tot een algemene nationale tipe, blootstaan aan

het gevaar om elkander af te dryven".

Die S.A.O.U. het in 1921 'n mosie aangeneem dat daar unifikasie van die onderwys onder een sentrale gesag moet wees.

In 1924 het die Hofmeyrkommissie die bevinding van die Jaggerkommissie onderskryf veral omdat die ontwikkeling in eie rigting van elk van die vyf onderwysdepartemente steeds groter afmetings aanneem. Die Kommissie het 'n Uniale Raad vir Onderwys aanbeveel wat volle mag sou hê „om onder 'n nasionale skema van beleid, die diverse werksaamhede ... in lyn te bring."

In die verslag van die Stalskommissie van 1932 is gemeld: „Ek kon in die onderwysstelsels onmoontlik enige neiging vir Unifikasie vind."

Die Rooskommissie het in 1934 die Provinsiale Raadplegende Komitee aanbeveel wat op 'n vrywillige grondslag en op advies van die Komitee van Onderwyshoofde in die behoefte aan koördinasie op onderwysgebied sou voorsien. Hierdie masjinerie is geskep maar het so min bereik dat dit in 1957 weer afgeskaf is.

Die Volksraad het in 1937 'n besluit geneem om die regering te versoek om die wenslikheid te oorweeg om 'n nasionale onderwysraad in die lewe te roep teneinde onderwyssake te koördineer. Hiervan het niks tereggekom nie. Dan was daar ook die Nicolkommissie in Transvaal (1939), die de Villierskommissie (1948), die Welkeskommissie in Natal (1946), die Pretoriuskommissie in die O.V.S. en in 1954 en 1955 die Interkerklike Komitee wat almal klem gelê het op die noodsaaklikheid van nouer samewerking en beter koördinering van alle onderwyspogings in die land. In die meeste van hierdie gevalle is 'n Onderwysraad vir dié doel bepleit.

Dit is treffend by die bestudering van hierdie verslae en die algemene gevoelens van die publiek, soos van tyd tot tyd in die pers en op ander wyses geopenbaar, dat die oortuiging dat 'n onderwysraad 'n onmiddellike behoefte is nie spruit uit stagnasie in die onderwys nie, maar die gebrek aan koördinering. Ek wil my verstout om te sê dat daar in ons land vordering op elke terrein van die onderwys plaasgevind het. Daarvandaan dat ek dit nie kan nalaat om my waardering uit te spreek vir alles wat sedert voor 1910 deur die verskillende Onderwys-instansies tot stand gebring is nie. Ek dink hier in besonder aan die provinsiale onderwysdepartemente, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die private skole. Hulle het almal onder die omstandighede na die beste van hul vermoë gepoog om tred te hou met die onderwysbehoeftes van die jeug aan hulle sorg toevertrou, maar as gevolg van die gebrek aan die so noodsaaklike koördinering is hierdie pogings onbetwisbaar ernstig belemmer.

Die behoefte wat by sekere instansies bestaan het dat onderwysvernuwing op nasionale vlak benader moet word, het deur die jare heen gegroei tot 'n magtige volkswye vloedgolf van aandrang wat so ondubbelsinnig en sterk gespreek het, dat gevolg gegee moes word.

Vraag is nou watter beweegredes by die verskillende individue, organisasies, groepe, die volk in die algemeen en die regering gegeld het om so sterk op 'n nasionale benadering aan te dring. Vir my wil dit voorkom dat die beweegredes heel kort soos volg gestel kan word:

(a) Die wetgewer is besorg oor die hoë koste wat voortvloei uit duplisering, oor die verlies aan mannekrag as gevolg van vroeë skoolverlating of omdat leerlinge nie die geleentheid gebied word om hulle talente ten volle te laat ontplooi nie en dientengevolge nie behoorlik in die samelewing aanpas nie en allerlei probleme vir die staat skep.

(b) Die Onderwysdepartemente voel lam gelaan ondat hulle die onderwys wat hulle as noodsaaklik in die landsbelang beskou, nie in die mate kan beplan en in die praktyk kan uitvoer soos hulle dit graag sou wou doen nie.

(c) Die onderwyser is in baie opsigte gefrustreerd, ontmoedig, ontevrede, besorg en verward as gevolg van die verskeidenheid van benaderings deur die verskillende onderwysinstansies en die anomalieë wat daardeur geskep word. Hulle is ook begaan oor die verskynsel dat van hul verwag word om die vormingstake van die huisgesin en kerk in die skool al meer en meer te behartig.

(d) Die ouers - Afrikaans- en Engelssprekend - is besorg oor die toekoms van hul kinders en soek na antwoorde op vrae soos: Hou die onderwys wel deeglik rekening met die aanleg, vermoë en belangstelling van die kind? Kry die kind die geleentheid om sy potensialiteite ten volle te laat ontplooi sodat hy gemeet aan sy potensialiteite 'n sukses van sy lewe sal maak? Is die kind se taal, godsdiens en kultuur in die onderwysproses gewaarborg?

(e) Die kerk sien in die skoolgaande jeug sy toekomstige lidmate en wil medeseggenskap in die skole behou om moontlike geestelike verval af te weer.

(f) Die belangstellende landsburger van ons klein blanke gemeenskap van nagenoeg 3,000,000 is geneig om sake deur 'n nasionale bril te beskou en neig almeer na landswye beplanning nie alleen op wetenskaplike, ekonomiese en nywerheidsgebied nie, maar ook op onderwysgebied.

Wat ek so pas gesê het, behoort 'n genoegsame aanduiding te wees van die wye belangstelling in die onderwys en ek beskou dit as een van die eerste groot take van die Raad om ons bestaande onderwysstelsel op landswye grondslag grondig te ondersoek, oplossings vir probleme te vind en slegs die heel beste vir die Republiek aan te beveel.

Hiermee bedoel ek geensins dat alles wat bestaan eenvoudig oor boord gewerp en van meet af aan iets nuuts daargestel moet word nie, maar eerder dat die Raad aan sy taak van koördinering en beleidsbepaling getrou moet bly. Wat ek wel in gedagte het, is dat die Raad eers 'n sorgvuldige analise moet maak van wat bestaan, die gebreke moet diagnoseer, weë en middels moet vind om die gebreke te verhelp en dan onverskrokke en onomwonde die geheelbeeld van die onderwys moet stel, wat na sy mening die uitgangspunt moet wees vir die detail wat hy in die vorm van advies sal aanbied.

Ons as onderwysers weet wat dit beteken om 'n leerplan op te stel, dit in werksweke en - dae in te deel, metodes aan te wend om dit oor te dra aan die leerlinge en om resultate te meet. Insgelyk sal die Raad ook weet wat hy in die lig van sy bevindings moet aanbeveel en wanneer en hoe die aanbevelings geïmplementeer moet word.

Hier voel ek my daartoe geroepe om in alle erns te beklemtoon dat dit geensins in my bedoeling lê dat regte verminder moet word of stelsels moet verdwyn nie, maar slegs dat die Raad, soos die Wet bepaal, in die algemeen die betrokke instansies van advies moet dien aangaande die beleid wat in verband met die onderwys toegepas behoort te word en hom dit ten doel moet stel om in oorleg met die onderwysdepartemente, onderwysliggame en organisasies en persone wat by die onderwys belang het, die breë grondbeginsels van gesonde onderwys vir die land as geheel te bepaal en in die algemeen samewerking op onderwysgebied te bevorder, en

onderwysbeleid in die algemeen te koördineer met die oog op die aanpassing van die onderwysstelsel by die behoeftes van die land, maar met inagneming van die raadsaamheid van handhawing van verskeidenheid wat die omstandighede vereis.

Soos aan u beken, het daar misverstand ontstaan en is daar heelwat agterdog gesaai. In werklikheid het die verskillende onderwysdepartemente so selfstandig ontwikkel, dermate hul eie strewe bepaal en so van mekaar weggedryf, dat elkeen so vasgekoppel sit aan sy eie en so met die gang van sake as die „heel beste" tevrede is, dat die Raad baie gou sekerheid en helderheid oor kernsake in sy advies sal moet verskaf. Eers as ons mekaar vertrou en lig sien om die veelvuldige probleme aan te durf, sal daar krag en leiding van die Raad uitgaan. Om die misverstand en agterdog uit die weg te ruim, meen ek dat die Raad hom op 'n vroeë tydstip moet uitspreek oor:

(i) Die toesegging van die onderwys aan die verskillende betrokke owerhede.

(ii) Die finansiering van die onderwys.

(iii) Die toekenning van magte aan die belanghebbendes by die skool as integrerende deel van die beheer van die onderwys.

Ladies and Gentlemen, times have changed. The development which has taken place in the scientific, technological and industrial fields since World War II has been just as phenomenal and rapid in our country as in most countries in the Western World. Our system of education must of necessity keep pace with these ever-changing conditions if the Republic is to survive and take its rightful place in the row of nations.

To devise a well-founded system of education every stage of the child's development must be taken into account: pre-school, primary, secondary and higher. The object of any reform in our system of education must be to do justice to the children of our nation. To this end we must strive for the fullest possible development, moulding and equipping of our youth in their own and our country's interests. In the process due regard must be had to their aptitudes, talents, abilities and interest to ensure that ultimately they will be happy and profitably employed. In determining the type of training for each child full use will have to be made of the available tests, of vocational guidance and of differentiated educational facilities. The most important function of this Council is so to co-ordinate the existing machinery as to provide as effectively as possible for the needs of our children.

During the second reading debate in the Assembly, I referred to the Bill - which has since been approved as Act No. 86 of 1962 - as "the long-awaited positive step to ensure the co-ordination of education and a national education policy for whites in the Republic". I added, however, that any other Minister or the Administrator of any Province could approach the Council through me for advice. My jurisdiction as Minister of Education, Arts and Science is restricted to White Education, but the door is open to any Minister - of Coloured Affairs, Indian Affairs or Bantu Education - to seek - if so desired, the Council's advice through me.

Obviously there is a multitude of problems on which the Council will have to advise. Many of these problems will require thorough and in some cases long-term research. The National Bureau of Educational and Social Research has been instructed to undertake any research required by the Council and to give first priority to such projects. To ensure that this and all other research entrusted to the Bureau is carried out efficiently, it is being properly staffed and equipped with mechanical and electronic devices.

5/...

This is neither the opportune time nor place to give a comprehensive outline of the matters which call urgently for the attention of the Council and I will therefore mention only some of these.

I have in mind the problem of the organisation of secondary education, differentiation, the problem of educating adolescents, the divergence in choice of subjects and curricula, the question of what is to be understood pedagogically by general formative and vocational education, is the gifted child properly provided for, are the results of intelligence tests and aptitude tests to be used as absolute norms in determining the educational programme of a child or are they to be regarded merely as a general indication, does the practice of promoting children according to age not militate against standards, the problem of vocational guidance in our schools. However, supreme in my mind is the position of the teaching profession. In our country there is no uniform control of teacher training as there is in other countries; neither is there co-operation, consultation or co-ordination between the different authorities concerned, with the result that there is considerable disparity in almost every respect. One need only think of the lack of scientific process of selection. Each university or college has its own methods. Courses and curricula differ. In some cases, for example, it is compulsory for a student to take the two official languages, while in other cases this is not so. Requirements regarding practical teaching also vary from institution to institution. And what tremendous differences there are in the general training of teachers! So far as teacher training is concerned, an anomalous situation has developed in South Africa; some teachers' training colleges train secondary teachers, while some universities train primary teachers, and the technical colleges have worked out their own salvation, taking a parallel course in certain fields. There is really no systematic and scientific system of teacher training. This matter calls for the Council's immediate attention.

In view of this great divergence in the training and certification of teachers and certain causes of dissatisfaction among the profession, the Council will, at my specific request, consider at this its first meeting the appointment of four sub-committees to each of which will be assigned the task of studying, investigating and recommending steps to be taken in regard to one of the following four fields:-

1. Recruitment and selection of teachers.

2. Training and certification of teachers.

3. Conditions of service of teachers.

4. Status and prestige of teachers.

I consider the investigation of these matters of paramount importance as figuratively speaking my motto in this relation is that unless the generals, commissioned and non-commissioned officers and the rank and file serving in the army have been selected and trained properly, and are enjoying reasonable conditions of service and a status commensurate with their offices there is little hope of succeeding in an attack leave alone reaching the mountain tops. I am satisfied that the first requirement of a sound system of education is a satisfied, properly selected and equipped corps of teachers who enjoy the respect and confidence of the community they serve.

However I should not wish the Council to tackle the educational problems of the country piecemeal. The Council will have to survey the whole field; a thorough study will have to be made of every phase of education in order to obtain a comprehensive picture of the position before the Council submits any advice and proposals to me.

6/...

This will demand intensive study and hard work. I am confident that you are well equipped for this task and the whole survey and study need not therefore be unduly protracted.

This, then, is the task that lies ahead. It is too comprehensive for a single individual, nor can it be carried out by a single department with its restricted field of interest. It is a task for a group of able persons, representative of the various spheres of education, a task thus for specialists. And by specialists I mean among other things persons who are, in general, but more particularly in some field, in close contact with the people and their needs and ideals and with education and its needs. This is a task for idealists who have both feet firmly in everyday practice. Only a co-operative representative body of this kind, which is concerned with theory as well as practice, can fulfil the advisory and co-ordinating functions for which this Council has been established.

To ensure the required standard of specialised knowledge, it was necessary to appoint a comparatively large Council since the field to be covered consists of "numerous highly specialised subdivisions". For the same reason provision was made for ad hoc committees. I have already explained these points in Parliament, but I wish to add that this Council will have to approach its task as one large family. There will have to be solidarity, but each member must retain his own individuality without distrusting or dominating fellow members.

I have so much confidence in the competence of this Council and in the future of education in this country and Science to this great task. To the provinces I would address the hope that they too, will abide by the advice of the Council. I appeal to the Republic as a whole for its support, not for a new experiment, but for a firm foundation on which to build soundly, to attain unity of purpose and to ensure that everything that is dear to every White population group will be maintained and preserved.

I now have much pleasure in declaring open this first meeting of the National Advisory Education Council of the Republic of South Africa.

Dit is vir my ŉ eer en voorreg om hierdie eerste vergadering van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vandag te open en u as die eerste lede daarvan ŉ gelukkige, vrugbare en heilsame byeenkoms toe te wens. Die oë van gans Suid-Afrika is op u gevestig en in u onbaatsugtige dienslewering word in ŉ groot mate die heil van ons land gesien.

Alles ten beste.

Uitgereik deur:
Departement van Inligting,
KAAPSTAD

29/3/63

No. 102/63(K)

TOESPRAAK VAN SY EDELE M.C. BOTHA ADJUNK-MINISTER VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING BY GELEENTHEID VAN DIE AMPTELIKE OPENING VAN DIE TERINGHOSPITAAL TE GELUKSPAN, LICHTENBURG-RESERVAAT, OP 13 APRIL 1963

VERGELYK MET LEWERING

Vir Vrystelling 4 n.m. 13.4.63

OFFICIAL OPENING OF THE TUBERCULOSIS HOSPITAL AT GELUKSPAN IN THE LICHTENBURG RESERVE ON APRIL 13, 1963 BY THE DEPUTY MINISTER OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT, THE HON. M.C. BOTHA

CHECK AGAINST DELIVERY

For release 4 p.m. on 13.4.63

INSTITUTE OF RACE RELATIONS
LIBRARY
REFERENCE
SOUTH AFRICAN

Dames en here,

Kapteins en Hoofmanne,

Ander Bantoe hier teenwoordig,

Ek waardeer die geleentheid om vandag hier teenwoordig te wees by die opening van hierdie mooi hospitaal. Ek stel dit op prys dat ek by hierdie geskiedkundige gebeurtenis ook iets kan kom sê.

Hierdie groot sendinginrigting is een van baie inrigtings wat al deur kerke in ons land tot diens van die Bantoe opgerig is. Die Staat en meer spesifiek ons departement is dankbaar vir sulke kerklike ondernemings. Ons hoop dat die kerke steeds opreg sal voortgaan met geestelike werk en diens van barmhartigheid onder die Bantoe.

Vandag bevind ons ons hier by hierdie hospitaal by een van die sendinginrigtings wat deur die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Bantoetuislande tot stand gebring is om die Bantoe te leer van die Here wat hemel en aarde geskape het en van ons Here Jesus Christus wat gekom het om die mens van sy sonde te red.

Maar die Christelike geloof leer die mens ook om jou medemens in ander dinge te help. Daarom het die kerk ook baie moeite gedoen en baie geld by blanke gemeentes ingesamel sodat hy met behulp van die regering hospitale vir die Bantoe in Bantoetuislande kon oprig.

Ek dra lankal reeds kennis daarvan dat die Lichtenburgse Ring van die Nederduits Gereformeerde Kerk een van die ywerigste werkers en insamelaars van fondse vir sendingwerk is. Daarvoor wil ek die kerk en die Ring met hul lidmate en ondersteuners lof en dank toebring. Ek is bly dat ons reeds die seën op hierdie ywer gewaar.

Dit is bekend dat dit vir geruime tyd moeilik was vir die blanke werkers om enige godsdienstige werk in hierdie Lichtenburgse Bantoegebied te verrig. Maar die goeie werk wat die afgelope 10 jaar hier gedoen is, het die Bantoe onder die indruk van die kerk se goeie bedoelings gebring. Ek weet dat die geestelike werk en die diens van die Algemene Sendinghospitaal van die Nederduits Gereformeerde Kerk so ingeslaan het, dat daar nou baie groter belangstelling in die Bantoegebied is vir hierdie soort werk. Ons is almal bly as die Bantoe aan ons dade kan sien dat ons opreg is wanneer ons sê ons gun aan die Bantoe 'n eie lewe en eie ontwikkeling in hul gebiede. Die Bantoe kan verseker wees dat die Staat en die Blankes as 'n geheel die Bantoe graag met daardie eie ontwikkeling in hul gebiede wil aanhelp.

2/...

Ek het verneem dat hierdie hospitaal, wat met staatshulp opgerig is heelwat opofferings - finansieel en andersins - van die kerk vereis het. Maar al die moeilikhede is opgelos omdat die kerk die welsyn van die Bantoe op die hart dra.

In die verlede moes die Tswana van hierdie omgewing baie ver weggaan vir behandeling in 'n hospitaal, selfs sover as Johannesburg.

Hier was ook nie 'n dokter nie en die mense moes na Sannieshof of na Lichtenburg gaan vir doktersbehandeling. Nou egter het hulle hospitale en dokters naby hulle tuistes.

Ek en my departement is baie dankbaar vir die dienste wat die Sendingkerk hier aanbied. Aangesien die Bantoe self nie bygedra het tot die fondse wat die kerk moes insamel nie, is die hospitaal dus 'n geskenk van die Sending en die blankes wat bygedra het, aan die Bantoe van hierdie omgewing.

Ek is seker dat hierdie geskenk die harte van die Bantoe baie bly maak en dat hulle die sending sal help met die goeie werk wat hier gedoen word.

Hier sal nog ander dienste voorsien moet word. Byvoorbeeld klinieke is nodig naby die woonplekke van die mense, sodat dié wat nie te erg siek is nie, daarheen kan gaan vir behandeling.

Maar 'n gemeenskap moet uit eie kragte ook sorg vir welsynswerk en gesondheidsdienste. Ek doen dus 'n beroep op die leiers en owerhede van die Bantoe alhier om ernstig oor hierdie saak te dink. Die Bantoe-owerhede kan baie doen om klinieke tot stand te laat kom. Hulle moet gerus begin deur dit met die Bantoesakekommissaris en distriksgeneesheer te bespreek. Die Bantoe-owerhede behoort by algemene welsynsdienste in die Bantoegebiede betrek te wees deur verantwoordelikhede in verband daarmee te dra. Dit is ook van toepassing op hospitaalgeriewe in hul gebiede. Ten opsigte van die bestuur van 'n hospitaal kan begin word met 'n adviserende raad wat geraadpleeg word maar so 'n adviserende raad kan geleidelik al hoe meer pligte self behartig. Die departement kan deur middel van die Bantoesakekommissaris hiervoor leiding gee.

Die Bantoe sal op hierdie manier 'n hospitaal soos hierdie aanneem as hulle s'n en trots wees daarop. Bantoedogters moet na sulke hospitale gaan om daar te werk veral as verpleegsters. Maar die Bantoepubliek moet die kerk en die hospitaalbestuur ook help met instandhouding en ander werk by die hospitaal.

Ek is oortuig dat die Bantoe van hierdie omgewing baie bly is oor wat u en die kerk vir hulle doen en dat hulle u sal help waar hulle kan.

A hospital is a centre of growth and development because it is a station of human activities. It is like a magnet: it attracts people to it for various reasons such as treatment or work of a professional, manual or spiritual nature. Very soon it is found that a few houses are built there and perhaps a shop, postal agency and other services will follow. The people concentrating in such a centre of growth need vegetables, fruit, milk, meat, fuel etc., which can be produced by the Bantu community of the area. Such centres of growth should therefore be welcomed, supported and stimulated by the community because in many respects the community benefits by its existence.

Such centres provide work for Bantu nursing staff and unskilled labourers. It is also my sincere hope that Bantu doctors and nurses will be moved by sympathy for their own people to offer their services to hospitals in the Bantu homelands, where they are needed badly.

3/...

At present there are some 8,000 qualified Bantu nurses in the Republic but only about 1,000 work in the Bantu homelands. Of more than 100 Bantu doctors in the Republic only 20 work among their people in the homelands.

It is a pity that so few Bantu doctors and nurses work among their people in the homelands because it is difficult to develop a proper health service for the Bantu if their own people do not want to stay with them.

Bantu leaders, teachers and the fathers and mothers of the children must teach them that they have a duty to their own people and should be proud to work among them when they have completed their studies.

Waar ek dus nou hierdie hospitaal geopen verklaar doen ek dit:

met 'n gevoel van dankbaarheid teenoor die kerk vir wat dit reeds doen en beoog;

in die hoop dat die Bantoegemeenskap hom diensvaardig om die hospitaal sal skaar;

met die versekering dat die Staat en ons departement steeds alles wat moontlik is sal wil doen om sulke opheffingswerk te bevorder;

en met die geloof dat blank en Bantoe langs hierdie weg goeie verstandhouding tussen mekaar sal verseker.

Uitgereik deur:
Departement van Inligting
Volkskas gebou 704
KAAPSTAD

13.4.63.

Issued by:
Department of Information,
704 Volkskas Building,
CAPE TOWN

13.4.63.

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY

No. 105/63(K)

**PRESS STATEMENT BY THE HON. THE MINISTER OF JUSTICE IN CONNECTION WITH THE ESTABLISHMENT OF A BRANCH OF THE RESERVE POLICE FORCE FOR COLOUREDS AND INDIANS**

1. Now that the Reserve Police Force for Whites have been established on a sound footing with wide public support, it has been decided to create a reserve for Coloured and Indian citizens. The provisions of the Regulations for the Reserve Police Force will in all respects be applicable to non-White members of the Reserve.

2. These reservists will undergo a thorough course of training in police powers and duties and when called upon for duty in time of emergency, be employed on charge office and beat duties and on patrol vans and for the protection of vulnerable points in the area of the police station in which they reside. For these duties they will be remunerated at tariffs which will later on be announced.

3. Representations have been received from the non-White communities of various centres for the establishment of local protection units as homeguards in their own residential areas. Residents are prepared to render these services voluntarily and without compensation . Homeguard units of the Reserve will be established on the same basis as for European homeguards, provided the number of volunteers justifies it.

4. Non-Whites will then be in a position to offer their services voluntarily for the ordinary branch of the Reserve when they, when called upon for duty, will be employed on ordinary police duties for which they will be compensated, or for the homeguard branch in which case their services for the protection of the areas in which they reside will be rendered without compensation.

5. It is known that a large number of Bantu are prepared, in fact keen, to contribute their share towards police protection and the safety of the State. Their patriotism is appreciated. The authorities are aware that there exists a general desire on the part of the Bantu for a police reserve. The establishment of such a reserve is being considered and should it be favourably decided upon, a statement to this effect will in due course be issued.

----------

Issued by:

Department of Information,
CAPE TOWN.

11.4.63

No.105/63(K)

# PERSVERKLARING DEUR SY EDELE DIE MINISTER VAN JUSTISIE OOR DIE STIGTING VAN 'N VERTAKKING VAN DIE RESERWEPOLISIEMAG VIR KLEURLINGE EN INDIËRS

1. Noudat die Reserwepolisiemag vir Blankes op 'n vaste grondslag is, en oor die algemeen goed deur die publiek ondersteun word, is besluit om 'n vertakking van die Reserwe vir Kleurling- en Indiërburgers te stig. Die bepalings van die Regulasies vir die Reserwepolisiemag sal in alle opsigte van toepassing wees op nie-Blanke lede van die Reserwe.

2. Sodanige reserviste sal 'n deeglike opleidingskursus in polisiebevoegdhede en -pligte deurloop en wanneer opgeroep vir diens in geval van nood, gebruik word in die gebied van die polisiestasie waarin hulle woon, in polisieklagtekantore, op rondediens, op patrolliewaens en vir die bewaking van kwesbare plekke. Hulle sal vir hierdie dienste besoldig word teen tariewe wat later aangekondig sal word.

3. Uit verskeie sentrums in die Republiek is vertoë ontvang van die nie-Blanke gemeenskap vir die stigting van burgerlike liggame vir tuiswagdienste in hul eie woonbuurtes. Bewoners is bereid om sodanige dienste vrywillig sonder vergoeding te onderneem. Tuiswageenhede van die Reserwe sal op dieselfde grondslag as die Blanke tuiswagvertakking van die Reserwepolisiemag gestig word, mits die aantal vrywilligers dit regverdig.

4. Nie-Blankes sal dus in staat wees om hul dienste vrywillig aan te bied vir die gewone tak van die Reserwe in welke geval hulle gebruik sal word vir algemene polisiewerksaamhede waarvoor hulle besoldig sal word wanneer vir diens opgeroep, of vir die tuiswagvertakking in welke geval hulle diens ter beskerming van die gebiede waarin hulle woon, sal lewer sonder vergoeding.

5. Dit is bekend dat daar groot getalle Bantoes is wat ook bereid, inderdaad gretig, is om hulle deel by te dra tot die polisiebeskerming van die land en die veiligheid van die Staat. Hulle burgersin word op prys gestel. Die owerheid besef dat daar 'n algemene begeerte vir 'n Bantoevertakking van die Reserwe bestaan en die stigting daarvan is tans onder oorweging. Indien ten gunste daarvan besluit word sal 'n verklaring later vrygestel word.

-----------

Uitgereik deur:

Departement van Inligting,
KAAPSTAD.

11.4.63

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY

No.106/63(K)

PRESS RELEASE BY THE HON. MR. W.A. MAREE, MINISTER OF BANTU EDUCATION.

For Release : Thursday, April 18, 1963.

NEW SALARY SCALES FOR BANTU TEACHERS IN STATE AND STATE-AIDED BANTU SCHOOLS

1. The ~~Honourable~~ Minister of Bantu Education has announced ~~announces~~ that the ~~introduction~~ with effect from the 1st April, 1963 of new salary scales for all Bantu teachers in State and State-aided Bantu schools has been approved.

2. In establishing these scales the desirability of following a fixed pattern in the future was taken into consideration. For this purpose the key scale R96x18 - 312x24 - 384x36 - 600x48 - 1080x60 - 1800x72 ....... has been used.

3. The new scales make provision for:-

(a) consolidation of the existing cost-of-living allowance up to the ~~maximum of the~~ full married rate (R640 per annum) for married male teachers.

(b) consolidation of the cost-of-living allowance up to only the full rate (R200 per annum) in the case of women teachers and single men.

(c) consolidation of the special allowances attached to the posts of sub-inspectors, supervisors and female supervisors.

(d) the addition of one notch on the key scale to the maximum of the relevant scales obtained after consolidation.

(e) increased annual increments resulting in more rapid progress on the new scales as compared to the old scales.

(f) increased allowances to principals, and vice-principals and new allowances payable to permanent teachers in post-primary schools.

(g) specially increased salaries for Sub-inspectors and supervisors of schools.

(h) extension of vice-principals posts to include the two highest categories of Higher Primary schools.

4. All teachers will be adjusted to the next highest notch on the new scale taking into consideration their present salary plus cost-of-living allowance and will then receive in addition one notch which is more or less equivalent to two notches on the old scale.

Example

Married man with Higher Primary Teachers Certificate

| | |
|---|---|
| Maximum salary plus cost-of-living allowance on old scale | - R972 |
| Adjusted to nearest notch on new scale | - R984 |
| Incidental gain | - R 12 |
| Add grant of one notch on new scale | - R984+48 |
| New notch | - R1032 |

/The new ....

5. The new consolidated salary scales are applicable to all existing Bantu teaching personnel and new appointments with effect from 1st April, 1963.

6. Details of the new salary scales are as follows:-

A. <u>Qualified Teachers</u>.

(a) <u>Sub-inspectors and Principals of Training schools</u>:

R984x48 - 1080x60 - 1800x72 - R2376

(b) <u>Supervisors of Schools</u>:

R792x48 - 1080x60 - 1800x72 - R2088

(c) <u>Women supervisors</u>:

R600x48 - 1080x60 - R1320

(d) <u>Teachers in Lower Primary schools or classes</u>:

(i) Lower Primary Teachers Certificate.
Men and Women.
R294x18 - 312x24 - 384x36 - 492

(ii) Higher Primary Teachers Certificate.
R336x24 - 384x36 - 600x48 - 648 Men and Women.

(e) <u>Industrial Training</u>:

(i) Std. VI + 3 years Ind. training.
Men : R384x36 - 600x48 - 744
Women : R294x18 - 312x24 - 384x36 - 456

(ii) Std. VI + 4 years Ind. training.
Men : R420x36 - 600x48 - 792
Women : R312x24 - 384x36 - 492

(iii) Std VI + 5 years Ind. training.
Men : R456x36 - 600x48 - 840
Women : R336x24 - 384x36 - 528

(f) <u>With Secondary Academic Qualifications</u>:

(i) Lower Primary Teachers Certificate.
Men : R384x36 - 600x48 - 936
Women : R294x18 - 312x24 - 384x36 - 492

(ii) Higher Primary Teachers Certificate.
Men : R456x36 - 600x48 - 1032
Women : R336x24 - 384x36 - 600x48 - 648

(g) <u>With Matriculation and Higher Academic Qualifications</u>

(i) Matriculation plus Professional Certificate.
Men : R564x36 - 600x48 - 1080x60 - 1440
Women : R456x36 - 600x48 - 840

(ii) <u>Four Degree courses plus Professional Certificate</u>
Men : R600x48 - 1080x60 - 1500
Women : R492x36 - 600x48 - 888

(iii) Eight Degree courses plus Professional Certificate

Men : R648x48 - 1080x60 - 1560
Women : R528x36 - 600x48 - 936

(iv) Full Degree plus Professional Certificate.

Men : R744x48 - 1080x60 - 1680
Women : R600x48 - 1032

(h) Junior Farm Schools:

Men and Women R294 (fixed).

(i) Senior Farm Schools:

Men and Women:

(i) Lower Primary Teachers Certificate.
R294x18 - 312x24 - 384x36 - 492

(ii) Higher Primary Teachers Certificate.
R336x24 - 384x36 - 600x48 - 648

(j) Senior Farm Schools with Std. VI
(Teachers responsible for Higher Primary Classes)

(i) Lower Primary Teachers certificate.

Men : R384x36 - 600x48 - 936
Women : R294x18 - 312x24 - 384x36 - 492

(ii) Higher Primary Teachers Certificate.

Men : R456x36 - 600x48 - 1032
Women : R336x24 - 384x36 - 600x48 - 648

B. Unqualified Teachers.

(a) Lower than Junior Certificate:

Men : R132x18 - 204
Women : R114x18 - 150

(b) Junior Certificate.

Men : R240x18 - 312x24 - 336
Women : R204x18 - 240

(c) Matriculation Certificate:

Men : R336x24 - 384x36 - 456
Women : R276x18 - 312

(d) Four degree courses

Men : R360x24 - 384x36 - 492
Women : R294x18 - 336

(e) Eight degree courses

Men : R384x36 - 564
Women : R312x24 - 360

(f) Full degree

Men : R420x36 - 600
Women : R336x24 - 384.

/(g) Lower .....4

(g) Lower Primary Certificate

Men : R168x18 - 240 (after 4 years)
204x18 - 312x24 - 384x36 - 456

Women : R150x18 - 222 (after 4 years) 168x18 - 312

(h) Lower Primary Certificate II

Men : R204x18 - 258 (after 4 years)
222x18 - 312x24 - 384x36 - 492

Women : R168x18 - 240 (after 4 years)
186x18 - 312x24 - 336.

(i) Std. VI + 2 years Industrial Training

Men : R204x18 - 312x24 - 384x36 - 492
Women : R168x18 - 312x24 - 336

(j) Junior Farm Schools.

Men : R186 (fixed)
Women : R186 (fixed)

C. ALLOWANCES:

(a) Principals and Vice-Principals:

| Men and Women. | | | Principals. | Vice-principals. |
|---|---|---|---|---|
| (i) | Primary Grade | A | R36 per annum | - |
| | " " | B | R72 " " | - |
| | " " | C | R108 " " | - |
| | " " | D | R144 " " | - |
| | " " | E | R180 " " | |
| | " " | F | R216 " " | R36 per annum. |
| | " " | G | R252 " " | R72 " " |

(ii) Vocational Training and Post-primary

| | Principals | Vice-principals |
|---|---|---|
| Grade S.A. | 240 | - |
| S.B. | 360 | 144 |
| S.C. | 480 | 180 |
| S.D. | 600 | 240 |

(b) Permanent assistant teachers (men and women) in Secondary and training schools.

(i) In Junior Secondary Schools (Std VIII)
R48 per annum

(ii) In Senior Secondary Schools (Matriculation)
R108 per annum.

---

Issued by:

Department of Information,
CAPE TOWN

18.4.63

No. 121/63(K)

**TOESPRAAK BY DIE GRADEPLEGTIGHEID VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA TE PRETORIA, DEUR SY EDELE DR. N. DIEDERICHS, MINISTER VAN EKONOMIESE SAKE EN VAN MYNWESE**

Vir vrystelling na lewering + 10 vm. 27/4/63

Dit is vir my ŉ voorreg om vandag hier te wees by die geleentheid waar so vele van u akademiese grade gaan ontvang, grade wat erkenning gee vir lange ure van toewyding aan die uitbreiding van u kennis, aan die beter toerusting van uself vir die take wat op u wag of waarin u reeds staan.

Dit is vir my ŉ besondere voorreg veral omdat die oorgrote meerderheid van u die uitbreiding van u kennis en die uitbreiding van kennis per se van soveel waarde geag het dat u bereid was om, tesame met die uitvoering van u gewone dagtaak ook nog vir soveel jare uself baie van die aangename dinge in die lewe te ontsê en u te wy aan akademiese vorming of die verwerwing van hoër akademiese kwalifikasies. Om dit te kan doen het deursettingsvermoë, doelgerigtheid en selfnegering geverg wat my hoogste bewondering wegdra.

Implisiet in die goddelike gawe van hoër begrip en verstandelike vermoë van die mens is die feit dat hy ook voortdurend na groter kennis sal dors. Die westerse beskawing waarvan ons volk met trots deel vorm, en ook die beskawings wat hom voorafgegaan het, het gegroei uit kennis. Die tempo van die uitbreiding van kennis het in die eeue wat verby is, nie altyd dieselfde gebly nie. Daar was tye van oplewing en tye van stagnasie. Ons leef egter in ŉ tyd waarin die uitbreiding van kennis van die natuur en sy wette, en voortspruitend daaruit, die aanwending van die natuurkragte in diens van die mens, teen ŉ geweldige tempo toeneem.

Waaraan kan hierdie geweldige ontwikkeling toegeskryf word? In die eerste plaas seker daaraan dat kennis, geleerdheid nie meer die eiendom, die privilége van ŉ beperkte aantal bevoorregtes is nie. Dit is nie meer vir ons nodig om, soos Francis Bacon, drie-en-ŉ-halwe eeue gelede, met gesuikerde, vleiende woorde ŉ pleidooi tot die koning te rig vir die uitbreiding van kennis nie en te moet kla oor die teenkanting teen die bevordering van kennis van die kant van geestelikes en politici nie. Nee, inteendeel, ons sien in alle ontwikkelde en ontwikkelende lande vandag dat die Staat die voogdyskap aanvaar het vir die laere sowel as die hoëre onderwys en ook daarna streef om geleenthede en fasiliteite vir navorsing en vir die uitbreiding van kennis te skep en uit te bou.

Deur hierdie vaderlike inmenging van die Staat om skoolopleiding aan elke kind beskikbaar te stel, tot op ŉ sekere peil selfs verpligtend te maak, deur akademiese opleiding meer en meer toeganklik te maak vir elke lid van die gemeenskap en deur meer en meer geleenthede te skep vir diegene wat die vermoëns het en daarna aspireer om tot die massa van die menslike kennis toe te voeg, is ŉ groeiende leër van leergieriges besig om teen ŉ steeds stygende tempo die grensbakens van ons kennis te verskuif.

Wat is dan nou die waarde van en waarom die behoefte aan hierdie onverpoosde uitbreiding van kennis? Om ŉ antwoord hierop te vind moet ons maar net kyk na ŉ paar van die vraagstukke waarmee die wêreld vandag te kampe het en ook probeer om ŉ insig te kry in die probleme waarmee ons en ons kinders in die toekoms te doen sal kry.

Daar is min dinge so moeilik as om in die toekoms te probeer kyk. Ons kan beplan vir ŉ week, vir ŉ maand, vir ŉ jaar miskien, maar om 10 of 20 jaar in die toekoms te probeer sien, om nie te praat van 50 of 100 jaar nie, verg visie en verbeeldingskrag wat op sy beste moeilik en merendeels onmoontlik is. Tog sou baie van ons handelinge sinloos wees en sou ons

2/...

onrealisties wees as ons nie sou probeer om vooruit te sien wat die toekoms kan oplewer nie - selfs al sou die tyd leer dat ons beramings onjuis was en ons beplanning nie altyd doeltreffend was nie.

Die afgelope driehonderd jaar het die mens deur die uitbreiding van sy kennis 'n posisie van mag oor sy omgewing gehaal wat ongekend was in die duisende jare wat dit vooraf gegaan het. Ons materiële vooruitgang groei teen 'n tempo wat steeds skyn te versnel en 'n mens moet jouself afvra vir hoelank hierdie groei kan voortduur. Sal dit aanhou versnel of sal dit stabiliseer? Hoe sal die geïndustrialiseerde samelewing wat ons besig is om op te bou in die volgende eeu byvoorbeeld daar uitsien? Wat sal die behoeftes van die mens dan wees? Sal in daardie behoeftes voorsien kan word? Is die menskom miskien, soos die bekende man in die strokiesprentjies, besig om homself in 'n hoek vas te verf? Stuur ons moontlik selfs op 'n katastrofe af?

Die persoon wat op al hierdie vrae 'n antwoord het kan maklik in die ongelyk gestel word deur onvoorsiene wendings op internasionale politieke gebied, deur onvoorspelbare ontdekkings en ontwikkelings op die gebied van die wetenskap en tegnologie of deur die wispelturige handeling van die mens self. Tog is dit essensieel dat ons in ons beplanning so akkuraat moontlik moet probeer beraam wat die toekoms mag bring, want uit ons dade van vandag word die situasies van môre gebore.

Die eerste belangrike poging om die toekomsigte toestand van die mensdom te bepaal is gedoen deur Malthus, sowat 'n honderd-en-vyftig jaar gelede. Op grond van gegewens tot sy beskikking, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat bevolkinsgroei plaasvind soos 'n wiskundige reeks, terwyl voedselproduksie daarenteen slegs toeneem teen 'n rekenkundige of additiewe tempo. Op grond hiervan het hy tot die slotsom gekom dat 'n stadium bereik sou word waar die bevolkingsyfer van die wêreld die benodigde voedselvoorraad sou verbysteek. Hy het toe gepostuleer dat die mensdom sou ossilleer tussen periodes van hongersnood wanneer die bevolkingsyfer sou daal, en tye wanneer die bevolkingsyfer so gedaal het dat voldoende voedsel beskikbaar sou wees vir die bevolking om weer aan te was.

Ook ekonome het hierdie gedagte aangegryp en Ricardo het byvoorbeeld gepostuleer dat die loon van die arbeider nooit meer sou wees as die minimum nodig om te bestaan nie, 'n postulaat wat later bekend sou staan as die "ysterwet van lone". Gelukkig het hierdie sienswyses, dat ons die armes altyd met ons sou hê, dat menslike leed ons toekoms sou wees en dat die druk daarvan altyd op die minderbevoorregte sou rus, tot 'n groot mate 'n mistasting blyk te wees.

As Malthus in 'n ander tydvak geleef het, sou hy miskien roem as 'n groot profeet kon verwerf het. Soos dit was, het hy nie kon voorsien dat vir Engeland en Wes-Europa die groot wetenskaplike en nywerheidsomwenteling voor die deur gestaan het en dat die gevolglike ontwikkeling van landboukundige kennis en die meganisasie van landbou landboukindige produktiwiteit so geweldig sou kon laat toeneem nie. Ook die produktiwiteit en waarde van nywerheidsarbeid sou deur hierdie ontwikkelinge toeneem.

Tog is die fundamentele probleem wat Malthus raakgesien het nog nie opgelos nie. Die wedloop tussen die produksie van lewensbehoeftes en die toename in die wêreldbevolking duur nog steeds voort.

Aan die begin van die agtiende eeu het die wêreld waarskynlik sowat 500 miljoen mense onderhou. Vandag tel die bevolking van die aarde sowat 2,900 miljoen siele en, as die

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.